

SACAI

**RIGLYNE VIR DIE PRAKTISE
ASSESSERINGSTAAK**

GRAAD 12

2016

TOERISME

EKSTERN GEMODEREER EN GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI



HIERDIE RIGLYNE BESTAAN UIT 15 BLADSYE

INLIGTING VIR FASILITEERDERS / TUTORS

1. INLEIDING

Die Praktiese Assesseringstaak (PAT) vir Toerisme behoort die leerder toe te laat om sy/haar begrip van die toerismebedryf as 'n dinamiese, ekonomiese sektor te demonstreer. Dit behoort ook die kennis, waardes en vaardighede oor reispraktyk wat leerders in Graad 10, 11 en 12 bemeester het, uit te brei.

Die PAT vir 2016 vereis die beplanning van 'n toer wat twee van Suid-Afrika se provinsies asook die Okavango-delta in Botswana betrek. Dit sluit aktiwiteite in wat in die smaak van akademiese toeriste behoort te val.

2. PUNTETOEKENNING

Die punte vir die PAT sal soos volg toegeken word:

Fase 1: 100

Fase 2: 100

Totaal: $200 \div 2 = 100$

3. BEPLANNING EN ADMINISTRASIE VIR DIE TAAK DEUR DIE FASILITEERDER

Hierdie Praktiese Assesseringstaak is die enigste amptelike praktiese eksamen vir graad 12-Toerismelearders in 2016. Onder **geen** omstandighede mag dit deur 'n alternatiewe praktiese eksamentaak vervang word nie.

- Die Praktiese Assesseringstaak in Toerisme het twee fases. **Leerders moet Fase 1 in die tweede kwartaal voltooi, en Fase 2 in die derde kwartaal.** Inhandigingsdatums sal deur SACAI /fasiliteerders bepaal word.

Elke leerder moet 'n kopie ontvang van die afdeling '*Instruksies aan leerders*' (**bladsye 7 tot 15 van hierdie PAT-dokument**). Leerders moet hierdie bladsye as 'n 'bylae' agterin hulle PAT-lêers liaseer.

- **Bystand** deur die fasiliteerder/tutor sal regdeur die taak vereis word.
- Die sentrum moet **hulpbronne** voorsien. Leerders wat toegang tot addisionele bronne het mag dit gebruik.
- Die PAT sluit werk in wat hoofsaaklik in die klaskamer by die assessoringsentrum gedoen word om afskrywery te voorkom. Sommige take (soos navorsing) mag as 'huiswerk' gedoen word.
- Die fasiliteerder/tutor moet **gereelde periodes** vasstel, bv. 'n 90-minute periode elke tweede week waartydens die leerders aan die PAT onder sy/haar leiding kan werk.
- **Template** word voorsien vir die berekening van die koste per persoon en 'n reisplan en moet gebruik word om die taak te standardiseer. Fasiliteerders word NIE toegelaat om template vir enige ander afdeling van die werk te ontwikkel nie.

- Die fasiliteerder MOET die **assesseringsinstrumente** wat voorsien is, gebruik om nasien te standardiseer.
- Van **fasiliteerders word verwag om navorsing te doen en hul eie memorandum te ontwikkel** vir (ten minste) onderwerpe **3, 4, 5, 7, 8, 9 en 11** voordat die PAT in aanvang neem.
- Geen **half- (½) punte** word toegelaat nie. In sommige sub-afdelings egter, waar punte bv. as $20 \div 2$ aangetoon word, word 'n moontlike halfpunt by totalisering vir daardie afdeling afgerond, bv. $7\frac{1}{2}$ word 8. Punte moet toegeken word vir 'n VOLLEDIGE beskrywing / begrip sou dit een (1) óf twee (2) punte tel.
- Dit word sterk aanbeveel dat **nasien** van die afdelings van die PAT op 'n gereelde grondslag gedoen word om individuele vordering te monitor.
- **Vooraf kennis** van Grade 10 en 11 vakinhoud sal vereis word.

Dit is die verantwoordelikheid van die fasiliteerder om te verseker dat alle leerders beide fases van die PAT voltooi. Die PAT moet in 'n **afsonderlike lêer** gehou word – NIE saam met die SGA-portefeuille nie.

4. HULPBRONNE VIR DIE TAAK

Elke leerder moet oor die volgende beskik:

- 'n Toepaslike handboek vir Toerisme Graad 12.
- 'n Padkaart van Suid- en suidelike Afrika met 'n afstandtabel.
- 'n Kaart van Botswana wat die Okavango-delta aantoon met lughawens en ander toegangsroetes.
- Toegang tot die **internet**.
- Reistydskrifte, 'n wêreldtydsonekaart (daar is een in die telefoongids), advertensies, brosjures ens.
- Inligting oor Wêrelderfenisgebiede van Suid-Afrika bv. <http://www.places.co.za>
- Inligting oor die toerismepotensiaal van die Okavango-delta in Botswana.
- Kokipenne van verskillende kleure.

ASSESSERINGSINSTRUMENT: FASE 1

ONDERWERP		Punte
1 Inleiding	Naam van maatskappy✓, toernaam✓, vertrek✓✓ en bestemming✓✓ Verduideliking van die doelwitte van die toer✓✓ Toeriste word positief beïnvloed om die toer te onderneem✓✓ Voorblad en inhoudsopgawe word geassesseer in Fase 2	(10÷2) 5
2 Toeristeprofiel	<u>Profiel van die VSA-toeriste:</u> Foto's (met name) ✓✓ Ouderdomsgroep ✓✓ Voorkeure (as 'n groep) in terme van vervoer ✓ / verblyf ✓ Tipe aktiwiteite (as 'n groep) ✓✓ Spesiale verwagtinge rakende die doel van hulle toer ✓✓	2 2 1 1 2 2 10
3 Gauteng: Verblyf en aktiwiteite	<ul style="list-style-type: none"> ● Verblyf: Naam, ligging ... (vir elke aktiwiteit) [Kyk bl. 10] (3x2) ● Wieg van die Mensdom: Ligging✓, kort beskrywing✓ verbandhouende, benoemde foto/prent✓ ● Casino: Ligging✓, kort beskrywing✓ verbandhouende, benoemde foto/prent ✓ ● Derde aktiwiteit: Ligging✓, kort beskrywing✓ verbandhouende, benoemde foto/prent ✓ 	6 3 3 3 15
4 Noord-Kaap: Verblyf en aktiwiteite	<ul style="list-style-type: none"> ● Verblyf: Naam, ligging ... (vir elke aktiwiteit) [Kyk bl. 10] (3x2) ● Richtersveld: Ligging✓, kort beskrywing✓ verbandhouende, benoemde foto/prent ✓ ● BlommeKyk: Ligging✓, kort beskrywing✓ verbandhouende, benoemde foto/prent ✓ ● Derde aktiwiteit: Ligging✓, kort beskrywing✓ verbandhouende, benoemde foto/prent ✓ 	6 3 3 3 15
5 Okavangodelta	Verblyf en aktiwiteite by die Okavangodelta: <ul style="list-style-type: none"> ● Naam✓, ligging✓✓ en kort beskrywing van verblyf✓✓ ● Beskrywing ✓✓ en prente/foto's van die vleilandsafari en wildlewe ✓✓✓ ● Beskrywing ✓✓ en prente/foto's van die kulturele erfenis. ✓✓✓ 	5 5 5 15
6 Reisplan	Roete vanaf aankoms tot vertrek aangetoon ('highlighted') op 'n padkaart van Suid-Afrika en Botswana ✓✓. Oorsig van die volle roete duidelik aangetoon met rigtingpyle✓✓, begin- en eindpunte ✓✓ duidelik aangetoon asook die oornag plekke✓✓ Die kaart moet 'n begrip van logiese roetebeplanning weerspieël✓✓ <u>Die assessor kies ewekansig drie dae uit die toer</u> (<u>uitgesluit dag 1 en 14</u>): Een dag by Gauteng, een dag by Noord-Kaap en een dag by die Okavangodelta (Botswana). ▲[Verwys na die scenario en punte 3, 4, 5 en 7 wanneer hierdie afdeling nagesien word]. Elke dag moet soos volg geassesseer word: <ul style="list-style-type: none"> ● Dag (bv. dag 6) ✓, dag van die week✓, datum✓ <u>uitgesluit dag 1 en 14</u>. ● Bestemming moet verband hou met die aktiwiteite van die dag✓ ● Tyd moet logies versprei wees tussen aktiwiteite, reis, etes ens. ✓ ● Logiese verspreiding van aktiwiteite en vloei vanaf vorige dag ✓ / Beplande aktiwiteite strook met die van die scenario ✓ ● Verblyf korrek aangetoon ✓ en korrekte vervoermetode is gebruik ✓ ● Afstande gereis per dag is realisties✓ (3x10) 30 40 	10 Totaal 100

ASSESSERINGSINSTRUMENT: FASE 2

ONDERWERP		Punte
7 Vluginligting	<ul style="list-style-type: none"> Geskikte vlug gekies vanaf New York na OR Tambo lughawe, en terug na New York: EEN gepaste rede ✓ vir die keuse van hierdie spesifieke vlug. Akkurate vluginligting voorsien vir elk van die twee vluge: vlugnommer✓, aankoms-✓ en vertrektye✓, duur van vlug (in ure) ✓ tipe vliegtuig ✓ passiersgrootte van vliegtuig, ✓ baggasieregulasies✓, etes ingesluit (middag / ontbyt / peusel, ens.) ✓✓✓ Realistiese tariewe vir 'n retoerkaartjie in ZAR✓ Akkurate berekening na VSA dollar. Toon berekeninge✓✓ Toon die klas aan ✓ Vluginligting na Kimberley / Maun: lugdiens✓ Kaartjieprys ✓ duur ✓ [15+15 (2 vluge)÷2] [3+3 (2 vluge)÷2] 	1 10 4 [15] [3] 18
8 Motorhuur / pendeldiens	<ul style="list-style-type: none"> Motorverhuringstabel✓: Geskikte voertuig gekies vir rondry in <i>Gauteng</i> ✓ Meld waar die voertuih gekry en terubesorg sal word ✓ Geskikte voertuig gekies vir rondry in die Noord-Kaap ✓ Meld waar die voertuih gekry en terubesorg sal word ✓ Bereken die volgende kostes om hierdie voertuie te huur. Toon alle berekeninge ('n voertuig elk vir twee provinsies): Dagtarief✓✓ + tarief per kilometer✓✓, 1% heffing ✓✓ kontrakfooie ✓✓, standaard versekerings (CDW, TLW) ✓✓ en PIA ✓✓ (6+6=12÷2) bewys van navorsing gedoen oor die koste van die pendeldiens voor-sien deur die akkomodasie instellings✓✓ Berekening van 'n benaderde prys vir gebruik van pendelvoertuig by Okavango, gebaseer op afstand/tyd en aantal ritte ✓✓ 	5 6 4 15
9 Koste	Kyk templaat. Uitgawes is aangetoon per persoon in RSA & VSA geldeenheide.	20 20
10 Reisingangs-dokumente	VIER verpligte reisingangsdokumente (+enige ander een) om te reis vanaf New York na Suid-Afrika is genoem en kortlik verduidelik -(Paspoort / Visium / Gesondheidssertifikaat / IRB / +bv. ID) (5x1)	5 5
11 Wêrelderfenis-gebiede	<ul style="list-style-type: none"> Afkorting – waarvoor staan UNESCO ✓ TWEE hoofdoelwitte van UNESCO✓✓. Ses Wêrelderfenisgebiede in Suid-Afrika ✓✓✓✓✓✓ Getal van wêrelderfenisgebiede in Botswana ✓ Leersame en goed geskrewe paragraaf - Impak van ontwikkeling op: Natuur en kultuur (bv.): <ul style="list-style-type: none"> -Verlies aan inheemse plantegroei wat as habitatte dien vir fauna✓✓ -Verstedeliking (besoedeling – globale verwarming) ✓✓ Algemene doelwitte van wêreldwye bewaringsaksies: <ul style="list-style-type: none"> -Holistiese benadering tot bewaring (ekosisteme as 'n geheel / biodiversiteit, ens.) ✓✓✓✓ 	1 2 6 1 8 18

12 Bemarking	<ul style="list-style-type: none"> • <i>Produk</i> – 'n Uitstekende, relevante en kreatiewe toernaam ✓ en slagspreuk ✓ • <i>Promosie</i> – Duidelike verduideliking van idees om toer te bevorder ✓✓ Redes waarom dit só gedoen is ✓✓ • <i>Plek</i> – Duidelike verduideliking van die sentrale punt vanwaar alle aktiwiteite begin ✓✓✓✓ • <i>Prys</i> – Verduideliking van wat by die prys ingesluit is bv. bed/ontbyt/gratis vertonings ens.✓✓ -Spesiale aanbiedinge verduidelik bv. buite-seisoen tariewe, ens.✓✓ 	2 4 4 4	14
13 Aanbieding	Voorblad: Kreatief, opmerklik, nie te 'besig'. ✓✓ Inhoudsopgawe: Sistematis aangetoon ✓ met duidelike en korrekte bladsynommers✓ Keurige taal-✓, spelling- en skryfvaardighede ✓ Hulpbronne/Bibliografie (volledig) ✓ Aanbieding professioneel✓, kreatief en logies✓. Baie netjies✓.	2 2 2 1 3	10
Totaal			100



RIGLYNE VIR PRAKTISE ASSESSERINGSTAAK

GRAAD 12

2016

TOERISME INSTRUKSIES AAN LEERDERS

Naam van leerder:

Naam van assessoringsentrum:

Naam van fasiliteerder:

TOERISME: PRAKTISE ASSESSERINGSTAAK 2016

1. INSTRUKSIES

Die PAT is 'n verpligte komponent van die Nasionale Seniorsertifikaat-eksamen. Leerders wat nie aan die vereistes van die PAT voldoen nie, **se uitslae in Toerisme sal weerhou word.**

- Die PAT word in **twee fases** gedoen: Fase 1 (tweede kwartaal) en Fase 2 (derde kwartaal).
- Volg die instruksies en beplan 'n toer vir twee navorsers en hulle eggenotes. Alle berekeninge moet per persoon gedoen word.
- Die finale PAT moet in die formaat van 'n **A4-inligtingsbrosjyre** aangebied word.
- Die kriteria en volgorde van die taak (asook die puntetoekenning) word in die instruksies vir elke fase gegee.
- Jou aanbieding moet baie netjies en kreatief wees om die inligting oor en die bemarking van die toer te ondersteun. Geen taal- en spelfoute word toegelaat nie.
- Die finaal voltooide fases moet ingehandig word op datums soos bepaal deur die fasilitaerdeerder/SACAI.

2. OORSIG VAN DIE TOER / SCENARIO

Jy werk vir 'n onderneming wat spesialiseer in die bemarking van Suid-Afrika as 'n wêrelderfenis toeristebestemming omdat die land agt van die wêreld se amptelike erfenissterreine, soos deur UNESCO bepaal, huisves.

Jou maatskappy is genader deur twee akademici (vroeë dertigs) van die Universiteit van Massachusetts, Verenigde State van Amerika, om 'n toer vir hulle en hul eggenotes saam te stel. Hulle (eggenotes ingesluit) is entoesiasties oor die kulturele en natuurkundige erfense van oor die hele wêreld en wil fokus op *Gauteng* en die *Noord-Kaap*, asook die *Okavango-deltagebied* in Botswana, waarvan laasgenoemde die wêreld se 1000ste UNESCO Wêrelderfenisterrein is (*Junie 2014**). Die toer behoort vir die Suid-Afrikaanse Lente geskeduleer te word.

Jou maatskappy maak gewoonlik van die volgende lugrederye gebruik: SAL, SA Airlink, SA Express (of enige ander geskikte redery).

Die akademiese toeriste sal vanaf die New Yorkse John F Kennedy Internasionale lughawe vertrek en land op OR Tambo Internasionale lughawe (direkte vlug).

Die duur van die volle toer is **14 dae** waarvan dag 1 en dag 14 opsy gesit word om na en van Suid-Afrika te reis. Dit bestaan uit drie bene:

- **Gauteng** **: 'n Besoek aan die *Wieg van die Mensdom* en TWEE ander aktiwiteite, waarvan een 'n besoek aan 'n casino sal wees (op versoek vir sosialisering) – 4 dae;
- **Noord-Kaap** **: 'n Besoek aan die Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap en TWEE ander aktiwiteite waarvan een 'n Namakwalandse blommebesigtingsrit sal wees - 4 dae;
- **Okavango-delta in Botswana**: Ontdek die vleilandwildernis en sy kulturele erfenis deur middel van 'n invliegsafari – 4 dae, waarvan een dag in beslag geneem sal word deur 'n lug- en padreis na *Maun* (Botswana) en die *Okavangodelta* respektiewelik.
- Twee dae sal in beslaggeneem word om na en van Suid-Afreika te vlieg.

** Sommige aktiwiteite kan gekombineer word, bv. die besoek aan die Richtersveld en die blommebesigtingsrit.

Die eerste en laaste dag van die toer sal gebruik word om tussen die verblyfplekke en die lughawe te reis. Hulle sal nie noodwendig van dieselfde lughawe vir aankom en vertrek gebruik maak nie, alhoewel OR Tambo mees waarskynlik vir beide gebruik sal word.

Vervoer sluit in vlugte, die Gautrein (indien van toepassing), luukse busse en gehuurde voertuie. Voertuie sal op die lughawe van aankoms ontvang word en teruggegee word by die lughawe van vertrek. Wanneer 'n voertuig gehuur word, sal slegs een persoon dit bestuur. By die Okavango-delta is 'n pendeldiens (insluitend 'n kano-pendeling om die vleilandgebied te ontdek) beskikbaar.

Die toeriste wie jy bedien, verkies om in luukse hotelle en/of beter klas gastehuise te vertoef.

* <http://news.nationalgeographic.com>

3. HULPBRONNE

Elke leerder moet oor die volgende beskik:

- 'n Toepaslike handboek vir Toerisme Graad 12.
- 'n Padkaart van Suid- en suidelike Afrika met 'n afstandtabel.
- 'n Kaart van Botswana wat die Okavangodelta aantoon met lughawens en ander toegangsroetes.
- Toegang tot die **internet**.
- Reistydskrifte, 'n wêreldtydsonekaart (daar is een in die telefoongids), advertensies, brosjures ens.
- Inligting oor Wêrelderfenisgebiede van Suid-Afrika bv. <http://www.places.co.za>
- Inligting oor die toerismepotensiaal van die Okavangodelta in Botswana.
- Veselpuntpenne (koki's) van verskillende kleure.

FASE 1: BEPLAN DIE TOER

ONDERWERP	JOU INLIGTINGSBROSJURE MOET DIE VOLGENDE TE BEVAT:	PUNTE
1 Inleiding	<p>Naam van maatskappy, toernaam, vertrek en bestemming van toeriste. Inleidende paragraaf: Verduidelik die doelwitte van die toer en om toeriste opgewonde te maak om na toer uit te sien. (Onthou jou teikengroep). (10÷2)</p> <p>Voorblad en inhoudsopgawe word gedoen/geassesseer in Fase 2</p>	5
2 Toeristeprofiel	<p>Stel 'n profiel van die VSA-toeriste saam. Sluit die volgende in: Foto's met name (2) Ouderdomsgroep (2) Voorkeure (as 'n groep) in terme van vervoer (1) / verblyf (1) Tipe aktiwiteite (as 'n groep) (2) Spesiale verwagtinge oor die doel van die toer (2)</p>	10
3 Gauteng: Verblyf en aktiwiteite	<p>Verblyf en DRIE aktiwiteite in Gauteng.</p> <ul style="list-style-type: none"> ● Naam, ligging, fisiese adres, kontakbesonderhede en kort beskrywing van verblyf. ('Kontakbesonderhede' moet insluit 'n minimum van TWEE moontlikhede soos epos, faks, telefoonnummer of sel vir <u>elke aktiwiteit</u>). (3x2) (6) ● Naam, ligging, kort beskrywing en 'n prent/foto/illustasie van <i>die Wieg van die Mensdom</i>. (3) ● Naam, ligging, kort beskrywing en 'n prent/foto/illustasie van 'n besoek aan 'n <i>casino</i>. (3) ● Naam, ligging, kort beskrywing en 'n prent/foto/illustasie van <i>derde aktiwiteit</i>. (3) <p>Gebruik prente/foto's/illustasies van elk van die bovenoemde om die bemarking te ondersteun (foto's/prente van die plek en tipe aktiwiteit, nie sommer enige prent/foto nie).</p>	15
4 Noord-Kaap: Verblyf en aktiwiteite	<p>Verblyf en DRIE aktiwiteite in Noord-Kaap.</p> <ul style="list-style-type: none"> ● Naam, ligging, fisiese adres, kontakbesonderhede en kort beskrywing van verblyf. ('Kontakbesonderhede' moet insluit 'n minimum van TWEE moontlikhede soos epos, faks, telefoonnummer of sel vir <u>elke aktiwiteit</u>). (3x2) (6) ● Naam, ligging, kort beskrywing en 'n prent/foto/illustasie van die <i>Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap</i> (3) ● Naam, ligging, kort beskrywing en 'n prent/foto/illustasie van 'n <i>Namakwalandse blommebesigtingsrit</i>. (3) ● Naam, ligging, kort beskrywing en 'n prent/foto/illustasie van 'n <i>derde aktiwiteit</i>. (3) <p>Gebruik prente/foto's/illustasies van elk van die bovenoemde om die bemarking te ondersteun (foto's/prente van die plek en tipe aktiwiteit, nie sommer enige prent/foto nie).</p>	15
5 Okavango-delta	<p>Verblyf en TWEE aktiwiteite by die Okavangodelta</p> <ul style="list-style-type: none"> ● Naam✓, ligging✓✓ en kort beskrywing van verblyf✓✓ (5) ● Beskrywing en prente/foto's van die vleilandsafari en wildslewe (5) ● Beskrywing en prente/foto's van die kulturele erfenis. (5) 	15

6 Reisplan	<p>Maak 'n kaart van die volle roete vanaf aankoms tot vertrek. Gebruik 'n padkaart van Suid-Afrika en Botswana en veselpunt penne ('koki's/highlighters'). Merk slegs die hoofroete waarop gereis sal word vanaf aankoms in Suid-Afrika tot die vertrek terug na New York. Gebruik pyle om die reisrigting aan te toon. <i>(Jy kan slegs die direkte roetes aantoon na die verskillende aktiwiteite se aankomspunte).</i> <i>Die kaart moet begrip en logiese roetebeplanning weerspieël.</i> (10)</p> <p>Gebruik die templaat wat op bl. 15 voorsien is om reis te beplan. Doen elke dag op 'n aparte bladsy (jy moet die templaat dupliseer). Plekke van verblyf, attraksies en aktiwiteite moet slegs genoem word. <i>Neem kennis van die tydsduur van die aktiwiteite.</i> <i>Vermy opeenhoping van aktiwiteite in jou reisplan.</i> <i>Jou reisplan moet realistiese, logiese beplanning en realistiese afstande per dag aantoon. Gebruik 100 km/u (50 km/u in beboude gebiede) as maatstaf.</i></p> <p>Elke dag moet soos volg voltooi word:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dag (bv. dag 6) ✓, dag van die week✓, datum✓ • Bestemming moet verband hou met die aktiwiteite van die dag✓ • Tyd moet logies versprei wees tussen aktiwiteite, reis, etes ens. ✓ • Logiese verspreiding van aktiwiteite en vloei vanaf vorige dag ✓ / Beplande aktiwiteite strook met die van die scenario ✓ • Verblyf korrek aangetoon ✓ en korrekte vervoermetode is gebruik ✓ • Afstande gereis per dag is realisties✓ <p>Die assessor sal enige DRIE dae ewekansig kies (3x10) (30) 40</p>	
	Totaal	100

FASE 2: REËLINGS EN INLIGTING

7 Vluginligting	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik 'n SAA-vlugschedule en kies 'n gesikte vlug (a) vanaf New York na OR Tambo lughawe, en (b) terug na New York (direkte vlugte). Gee EEN rede waarom jy dié spesifieke vlugte gekies het. (1) • Noem die volgende vluginligting vir elk van die <u>twee</u> vlugte: <ul style="list-style-type: none"> •vlugnommer, •aankoms- en vertrekye, •duur van vlugte (in ure/minute), •tipe vliegtuig, •passierskapasiteit van die vliegtuig, •bagasievereistes, •maaltye ingesluit (middagete/ontbyt/peusel ens.) (10) • Gee die koste van 'n retoerkaartjie vir een persoon in ZAR en VSA dollar. Toon aan ekonomiese of besigheidsklas. Toon berekening. (4) $[15 \times 2 \text{ (twee vlugte)} = 30 \div 2 = 15]$ • Vluginligting na: Kimberley (Noord-Kaap) / Maun (Botswana): <ul style="list-style-type: none"> •Lugdiens •Kaartjieprys •Duur (3) $[3 \times 2 \text{ (twee vlugte)} = 6 \div 2 = 3]$ 	18
8 Motorhuur / pendeldiens	<p>(Toeriste sal 'n binnelandse vlug neem vir die reis vanaf Gauteng na N-Kaap.)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Vind 'n motorverhuringstabel. •Kies 'n gesikte voertuig om in Gauteng mee te reis. •Die kar sal by die lughawe ontvang en terugegee word. • Kies 'n gesikte voertuig om in die Noord-Kaap mee te reis • Die kar sal by die lughawe ontvang en terugegee word. (5) • Kies die motorverhuringstabel en bereken die koste om hierdie voertuie te huur vir die Suid-Afrikaanse been van die toer soos volg: <ul style="list-style-type: none"> •Daaglikse tarief, •tarief per kilometer, •1% heffing, •kontrakfooie, •standaardversekerings ('CDW' en 'TLW'), en • 'PIA'. [Toon al die berekening vir twee voertuie] $\rightarrow 6 \times 2 = 12 \div 2 = 6$ • In Botswana word 'n pendeldiens (insluitend 'n kanodiens), voorsien deur die plek van verblyf. •Doen navorsing oor die koste van die pendeldiens, en •bereken 'n geskatte prys vir die gebruik van die pendeldiens in ooreenstemming met die afstand/tyd gereis en die getal ritte. (2x2=4) 	15
9 Koste	Bereken die koste van die toer per persoon (wat deel). (Gebruik die templaat wat voorsien is).	20
10 Reisingangs-dokumente	Noem en verduidelik ten minste VIER verpligte toegangsdocumente (+ enige opsionele een) wat deur toeriste benodig word om vanaf die VSA Suid-Afrika binne te kom.	5

11 Wêrelderfenis-gebiede	<ul style="list-style-type: none"> • Waarvoor staan die afkorting UNESCO? (1) • Verduidelik die TWEE hoofdoelwitte van UNESCO. (2x1) (2) • Behalwe vir die twee wat reeds genoem is, noem die ander ses Wêrelderfenisterreine in Suid-Afrika. (6) • Hoeveel Wêrelderfenisterreine is daar in Botswana? (1) • Skryf 'n leersame paragraaf waarin die impak verduidelik word van ontwikkeling op die natuur en kultuur (bv.): <ul style="list-style-type: none"> -Verlies aan inheemse plantegroei wat as habitat vir fauna dien ✓✓ -Verstedeliking (besoedeling - aardverwarming) ✓✓ <p>Verwys ook na gemeenskaplike doelwitte oor bewaring wêreldwyd:</p> <ul style="list-style-type: none"> -Holistiese benadering tot bewaring (ekosisteme as 'n geheel / biodiversiteit, ens.) ✓✓✓✓ (8) 	
12 Bemarking	<p>Ontwikkel 'n bemarkingstrategie vir die toer gebaseer op die 4P bemarking-raamwerk soos hieronder aangetoon (Onthou die teikengroep).</p> <ul style="list-style-type: none"> • <i>Produk: (Die diens, om die toer te reël en te beplan, is die produk)</i> <ul style="list-style-type: none"> -Voorsien die toer van 'n naam en slagspreuk. (2x1) (2) • <i>Promosie:</i> -Bevorder die toer deur gebruik te maak van die firma se "kontakte" betreffende verblyf en vervoer. <ul style="list-style-type: none"> -Waarom het jy op hierdie metode besluit? (2x2) (4) • <i>Plek:</i> -Johannesburg kan dien as 'n 'sentrale punt' vanwaar al die aktiwiteite plaasvind. Waarom? (2x2) (4) • <i>Prys:</i> -Wat is ingesluit by die prys? <ul style="list-style-type: none"> -Is dit moontlik om spesiale aanbiedinge te reël? (Bv. 'n toer gedurende die 'stiltye' buite skoolvakansies). (2x2) (4) 	14
13 Aanbieding	<p>Voorblad – Toernaam en 'n verteenwoordigende collage (prentebeeld) van die toer (2)</p> <p>Inhoudsopgawe + bladsynommers (2)</p> <p>Taalkwaliteit, spelling en skryfvaardighede (2)</p> <p>Hulpbronne/Bibliografie (1)</p> <p>Professionele, kreatiewe en logiese aanbieding. Baie netjies. (3)</p>	10
	Totaal	100

Toerkoste vir EEN persoon

(Koste vir verblyf, maaltye, aktiwiteite, en die pendeldiens by die Okavango kan geskat word, maar moet realisties wees).

	Berekening	Totaal
Lugtariewe -Vanaf en terug na New York -Plaaslik (binne SA) -Na Okavangodelta		✓✓✓
Motorhuur: Gauteng Provinsie Noord-Kaap Provinsie		✓✓
Verblyf en maaltye Gauteng	Voorbeeld: B&B = R1 500.00 Aandete = R300.00 <u>Drankies = R 60.00</u> R1860.00 x 3 nights	✓✓✓
Verblyf en maaltye Noord-Kaap		✓✓✓
Verblyf en maaltye Okavangodelta		✓✓✓
Aktiwiteite Gauteng		✓✓
Aktiwiteite Noord-Kaap		✓✓
Aktiwiteite Okavangodelta		✓✓
Totaal		

Templaat vir 'n reisplan (Elke dag op 'n aparte bladsy)